**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer: A363/2010

In die appèl tussen:-

| | |
|---|---|
| **PAULUS SHILANGO @ JULINOH MOCAMO** | Beskuldigde 1 *A QUO* (EERSTE APPELLANT) |
| **ALEXANDER ALBINO DAVA** | Beskuldigde 2 *A QUO* (TWEEDE APPELLANT) |
| **ANTHONY MATHEBULA @ JOHN DRAKE** | Beskuldigde 4 *A QUO* (DERDE APPELLANT) |
| **LAZARUS MNISI** | Beskuldigde 5 *A QUO* (VIERDE APPELLANT) |
| **SIMON MNISI** | Beskuldigde 6 *A QUO* (VYFDE APPPELLANT) |
| **SEBASTIAN SIBEKO @ MANDLA** | Beskuldigde 7 *A QUO* (SESDE APPELLANT) |
| **ARLINDO DIVANE @ THIVANE @ ELLIOT ZULU** | Beskuldigde 10 *A QUO* (SEWENDE APPELLANT) |
| **JACKSON FULANE @ JACKSON STEPHEN KHOZA** | Beskuldigde 11 *A QUO* (AGTSTE APPELLANT) |
| **JOSEPH MAHLALELA** | Beskuldigde 13 *A QUO* (NEGENDE APPELLANT) |

---

**CORAM:** KRUGER, VAN DER MERWE *et* C.J. MUSI, RR

---

**UITSPRAAK DEUR:** DIE VOLLE HOF

---

**AANGEHOOR OP:** 12 MAART 2012

---

**GELEWER OP:** 21 JUNIE 2012

---

[1] Nege-en-veertig skuldigbevindings moet in hierdie appèl

oorweeg word. Die verhoorhof het gewerk met 15 beskuldigdes en 54 klagtes. (Al die beskuldigdes is nie op alle klagtes aangekla nie.) Aanklagte 1 tot 52 is stelle aanklagte van roof met verswarende omstandighede en menseroof. Elke stel aanklagte het betrekking op 'n gewapende kaping van 'n vragmotor en die insittendes daarvan. Die nege appellante is saam met ses mede-beskuldigdes in die Rondgaande Hof te Kroonstad deur Hancke R en assessore skuldig bevind aan verskeie klagtes en op 13 Desember 2007 gevonnis. Ten einde verwarring te voorkom, word na die onderskeie appellante verwys volgens hulle beskrywing as beskuldigdes in die hof *a quo*.

[2] Verlof tot appèl is deur Hancke R geweier en sekere van die beskuldigdes het petisies na die Hoogste Hof van Appél gerig, welke petisies soos volg gehandhaaf is:

| | | |
|---|---|---|
| 8 Julie 2009 | - | Beskuldigde 4, 7 en 13 |
| 26 Augustus 2009 | - | Beskuldigde 1, 5, 6 en 10 |
| 8 September 2010 | - | Beskuldigde 11 |
| 12 September 2011 | - | Beskuldigde 2. |

[3] Beskuldigde 14 se appèl is deur die Hoogste Hof van Appèl

afgehandel (**NXUMALO v THE STATE** (450/2008) [2009] ZASCA 113 (23 September 2009)). Sy skuldigbevindings en die vonnisse op klagtes 21 en 22 is tersyde gestel, maar verder is die appèl afgewys. Beskuldigdes 3, 8, 12, 15 en 16 het nie gepetisioneer nie.

[4] Die appellante is soos volg deur die verhoorhof skuldig bevind en tot gevangenisstraf gevonnis:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) | Beskuldigde 1 | - | 26 klagtes |
| | | | 218 jaar |
| | | | 35 jaar effektief |
| (ii) | Beskuldigde 2 | - | 16 klagtes |
| | | | 149 jaar |
| | | | 30 jaar effektief |
| (iii) | Beskuldigde 4 | - | 5 klagtes |
| | | | 59 jaar |
| | | | 25 jaar effektief |
| (iv) | Beskuldigde 5 | - | 4 klagtes |
| | | | 36 jaar |
| | | | 22 jaar effektief |
| (v) | Beskuldigde 6 | - | 9 klagtes |
| | | | 77 jaar |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | 25 jaar effektief |
| (vi) | Beskuldigde 7 | - | 2 klagtes |
| | | | 18 jaar |
| (vii) | Beskuldigde 10 | - | 8 klagtes |
| | | | 59 jaar |
| | | | 25 jaar effektief |
| (viii) | Beskuldigde 11 | - | 21 klagtes |
| | | | 167 jaar |
| | | | 30 jaar effektief |
| (ix) | Beskuldigde 13 | - | 4 klagtes |
| | | | 36 jaar |
| | | | 22 jaar effektief |

[5] Op appèl is ons gebonde aan die feitebevindinge en geloofwaardigheidsbevindinge van die verhoorhof, tensy dit geraak is deur wesenlike wanvoorligting of ons oortuig is daarvan dat dit verkeerd is. Wanneer die bewese feite op hierdie wyse bepaal is, is die essensiële vraag of die verhoorhof fouteer het deur daarvan af te lei dat die skuld van die betrokke beskuldigde op die betrokke aanklag bo redelike twyfel bewys is. Ook in hierdie verband moet ons oortuig word dat die verhoorhof fouteer het, maar ons

aanvaar dat ons in die onderhawige geval in dieselfde posisie as die verhoorhof is om afleidings van die bewese feite te maak. Sien **REX v DHLUMAYO AND ANOTHER** 1948 (2) SA 677 (A).

[6] Die verhoorhof se feitebevindings aangaande die eienaarskap, besit en/of gebruik van simkaarte en handstukke word deur beskuldigdes 1, 6, 7, 10, 11 en 13 aangeval. Hulle beweer dat die verhoorhof fouteer het deur hulle met die selfone en/of simkaarte te verbind.

[7] Ons moet derhalwe daardie getuiens onder die loep neem. Ons handel vervolgens met die getuienis wat elk van die beskuldigdes met die onderskeie selfone verbind.

[8] Dit is gemeensaak dat beskuldigde 1 en 2 op 17 September 2004 te Komatipoort gearresteer was deur Konstabels Nsimbini, Twala en ander lede van SAPD nadat beskuldigde 1 deur meneer Molefe, die klaer op aanklagte 23 en 24, uitgewys was. Dit is gemeensaak dat daar 'n derde manspersoon in die voertuig saam met beskuldigde 1 en 2 was en dat hy spoorloos verdwyn het. Dit is gemeensaak dat

daar op twee selfone met nommers 0727565050 (5050) en 0834818804 (8804) beslaggelê was. Dit is gemeensaak dat beskuldigde 2 erken het dat die selfoon met nommer 5050 sy eiendom is.

[9] Die vraag is aan wie behoort 8804. Die verhoorhof het bevind dat dit aan beskuldigde 1 behoort.

[10] Meneer van Wyngaard namens beskuldigde 1 het tereg daarop gewys dat die getuienis van konstabels Nsimbini, Twala en kapt Celeste Van Deventer nie van veel hulp is nie. Die verhoorhof het ook nie op enige van hulle getuienis gesteun nie.

[11] Inspekteur van Deventer het getuig dat die selfoon (8804) die naam Makamo vertoon wanneer dit aangeskakel word en dat dit ‘n foto van beskuldigde 1 bevat.

[12] Beskuldigde 1 het beweer dat die selfoon 8804 aan Jukes, synde die persoon wat te Komartipoort verdwyn het, behoort.

[13] Meneer van Wyngaard het inspekteur van Deventer se

getuienis gekritiseer en daarop gewys dat hy slegs gedurende kruisverhoor melding gemaak het van die foto en die feit dat die foon die woord Makamo vertoon wanneer dit aangeskakel word.

[14] Behalwe vir die getuienis van van Deventer het die verhoorhof ook op omstandigheidsgetuienis en beskuldigde 1 se getuienis gesteun.

[15] Meneer van Wyngaard het egter betoog dat die omstandigheidsgetuienis nie voldoende is om bo redelike twyfel te bevind dat 8804 aan beskuldigde 1 behoort nie.

[16] Die verhoorhof het die betoog van meneer van Wyngaard, dat van Deventer se getuienis ’n fabrikasie is, oorweeg. Die verhoorhof het tot die slotsom gekom dat van Deventer se getuienis hieraangaande korrek en betroubaar is. Ons vind geen fout met daardie bevinding nie.

[17] Die verhoorhof het ook die volgende getuienis in die weegskaal geplaas:

17.1 Die datum en tyd waarop die foto geneem was, is 17

Maart 2004 om 9H45.

17.2 Beskuldigde 1 erken dat sy naam Julio Alberto Macamo is.

17.3 Die nommer 8804 is in beskuldigde 2 se foonboek gestoor onder die naam Juks; in beskuldigde 3 se foonboek is dit gestoor as Jonlinho; in beskuldigde 10 se foonboek is dit as Judo gestoor en in beskuldigde 11 se foonboek is dit gestoor as July.

17.4 Beskuldigde 1 se vrou (Aidi) wie te Mosambiek woonagtig is en sy Suid Afrikaanse vrou (Deliwe) se nommers is in 8804 gestoor.

17.5 Op 16 Augustus 2004 is Deliwe se nommer vanaf 8804 geskakel.

17.6 Meneer Molefe (klaer aanklagte 23 en 24) het vir beskuldigde 1 uitgeken as een van die persone wie hom beroof het. Die nommer 8804 word op daardie toneel geplaas.

17.7 Meneer Leoma (klaer aanklagte 21 en 22) het ook vir beskuldigde 1 as een van die rowers uitgewys. Die nommer 8804 word ook op daardie toneel geplaas.

[18] Dit is duidellik dat die omstandigheidsgetuienis tesame met

van Deventer se getuienis vatbaar is vir slegs een afleiding te wete dat die selfoon met nommer 0834818804 aan beskuldigde 1 behoort. Die verhoorhof se bevinding hieraangaande word ondersteun.

[18] Die getuienis wat beskuldigde 6 met die besit van die selfoon met IMEI nommer 449218919667698 en simkaarte met selfoonnommers 0723638227 (8227) en 0726628361 (8361) verbind is grotendeels gemeensaak.

[19] Beskuldigde 6 is op 3 Julie 2005 te Heidelbergweg gearresteer. Daar was ‘n selfoon en twee simkaarte in sy besit gevind. Volgens Inspekteur Erasmus was die een simkaart (8361) in die selfoon en die ander een (8227) los onder die battery van die selfoon. Volgens Inspekteur van Deventer was 8227 in die selfoon en 8361 los in die foon bo-op die battery gevind.

[20] Beskuldigde 6 erken dat 8361 sy selfoonnommer is. Hy beweer dat hy ongeveer drie weke voor sy arrestasie die selfoon by ’n vriend geleen het. Hy het voorts beweer dat 8227 aan sy 24 jarige seun, Chester, behoort en dat dit los

agter in die selfoon gevind was.

[21] Die nommer 0726628361 is in beskuldigde 1 se foonboek gestoor as Bra Saimo; in beskuldigde 3 se foonboek is dit gestoor as Sayi; in beskuldigde 5 se foonboek is dit gestoor as Brasi; in beskuldigde 10 se foonboek is dit gestoor as Simoni en in beskuldigde 11 se foonboek is dit gestoor as Bra Sai.

[22] Die verhoorhof het verkeerdelik bevind dat die nommer 8227 op beskuldigde 5 se foonboek as Simoni gestoor is en dat dit in beskuldigde 11 se foonboek as Bra Sai gestoor is. Die nommer 8227 kom nie op beskuldigde 11 se foonboek voor nie en dit is as Anna gestoor in beskuldigde 5 se foonboek.

[23] Dit was nie in geskil dat inspekteur Bierman beslaggelê het op beskuldigde 15 se dagboek of sakboek waarin hy telefoonnommers geskyf het nie. In hierdie sakboek of dagboek het hy aangedui dat die nommer 0733638227 Sayi Munisi se nommer is.

[24] Die verhoorhof het tereg beskuldigde 6 se weergawe dat hy

gedurende 2005 die nommer 8361 begin gebruik het en dat 8227 sy seun se simkaart en nommer is, verwerp.

[25] Beskuldigde 7 is op 26 Julie 2005 op die N12 snelweg naby Delmas gearresteer. Inspekteurs van Deventer en Nel getuig dat daar 'n selfoon in beskuldigde 7 se besit gevind was en dat daar 'n los simkaart met nommer 0824717582 agter in die selfoon was. Beskuldigde 7 het op dieselfde dag die polisie na sy woonplek geneem. Aldaar is daar op verskeie dokumente beslaggelê, onder andere, 'n Mosambiekse paspoort in die naam van Sibastian Sibeko met beskuldigde 7 se foto daarop, 'n kartondoos van 'n Nokia 2650 selfoon met IMEI nommer 355377000273550 en 'n kwitansie van Cellular Center gedateer 1.10.04 waarop die IMEI nommer 351103100159174 verskyn.

[26] Van Deventer het op 19 Junie 2005 en 20 Junie 2005 vir beskuldigde 7 gekontak op selfoonnommer 0761887600 (7600). Beskuldigde 7 het die selfoon beantwoord en homself as Mandla geidentifiseer. Hy het vir van Deventer versoek om hom kans te gee sodat hy saam met sy prokureur na die polisie kan gaan om homself oor te gee.

[27] Die simkaart met nommer 7600 was in die handstuk met IMEI nommer 355377000223550 gebruik. Die kartondoos van daardie handstuk is by beskuldigde 7 se woonplek gevind.

[28] Die simkaart met nommer 7582 was gebruik in die handstuk met IMEI nommer 351103100159174. Beide selfone, 7600 en 7582, was op die rooftoneel van aanklagte 46 en 47.

[29] Alhoewel beskuldigde 7 ontken dat die simkaarte met selfoonnommer 7600 en 7582 aan hom behoort of dat hy dit besit het, het hy besluit om nie onder eed te getuig nie. Die verhoorhof het korrek bevind dat die Staat bo redelike twyfel die verbintenis tussen beskuldigde 7 en 7600 bewys het.

[30] Inspekteur Van der Schyff het getuig dat hy op 8 Oktober 2004 vir beskuldigde 10 gearresteer het. Beskuldigde 10 was ’n passasier in ’n Toyota Camry motorvoertuig (Camry) wat ’n geroofde vragmotor begelei het. Van der Schyff getuig dat hy en sy kollega, De Beer, die voertuig te Hectorspruit tot stilstand gebring het. Slegs beskuldigde 10 en die bestuurder

John David Masuku (Masuku) was in die Camry.

[31] Aldus van der Schyff het hy vir beskuldigde 10 gevisenteer en ’n Mosambiekse passport, bestuurderslisensie en identiteitkaart in die naam van Josefa Simon Thivane in sy linkerskoen gevind. In beskuldigde 10 se beursie het hy, onder andere, ’n BNU (Mosambiekse bank) depositostrokie wat aandui dat Arlindo Zavanhail Divane geld in daardie bank gedeponeer het, gevind. Hy het ook ’n selfoon met IMEI nommer 35069840071 en selfoonnommer 0721543535 (3535) in beskuldigde 10 se besit gevind. Beskuldigde 10 is gearresteer en na Komatipoort geneem. Aldaar het die selfoon (3535) gelui. Van der Schyff het dit beantwoord en ’n persoon wie homself as Frank voorgestel het, het gevra om met Arlindo te praat. Van der Schyff het hom gevra of hy met Arlindo Divane wil praat waarop hy bevestigend geantwoord het; daarna het Van der Schyff hom gevra om ‘n beskrywing van Arlindo Divane te gee en hy het gesê “he is short and fat with a round face.” Van der Schyff het die persoon meegedeel dat hy vir Arlindo Divane gearresteer het.

[32] Aangesien die bestuurder van die geroofde vragmotor (Sipho David Mxoli, beskuldigde 8) reeds gearresteer was en daar op sy selfoon met nommer 0838937315 (7315) beslaggelê was het Van der Schyff opgemerk dat beskuldigde 8 geskakel was vanaf 3535 en dat daar ook boodskape vanaf 7315 na 3535 gestuur was.

[33] In Masuku se besit was daar ’n Nokia selfoon met IMEI nommer 351463102433260 met selfoonnommer 0725607616 gevind.

[34] Hy het die paspoort aan inspekteur Coetzee – wie vir beskuldigde 10 geken het – getoon en laasgenoemde het hom meegedeel dat dit Arlindo Divane se foto is wat daarop voorkom.

[35] Inspekteur De Beer bevestig dat hy vir Masuku gevisenteer het en ’n selfoon en dokumente in sy besit gevind het.

[36] Inspekteur Joe Coetzee het getuig dat hy verbonde is aan die misdaad inligting insameling eenheid te Komatipoort. Op 26 Julie 2001 het hy vir beskuldigde 10 ontmoet.

Beskuldigde 10 het 'n paspoort, in die naam Arlindo Zavanane Divane waarop sy foto voorkom, in sy besit gehad.

[37] Nommer 3535 verskyn op beskuldigde 2 se selfoonboek teenoor die naam ar#.

[38] Dit is nie in geskil dat beskuldigde 10 te Ennerdale woonagtig is nie. Dit is ook nie in geskil dat die selfoonsein van 3535 hoofsaaklik te Ennerdale, Lenasia en Grasmere geregistreer het nie. Dit is nie betwis dat Masuku te Ivory Park, Tembisa, woonagtig is nie.

[39] Beskuldigde 10 het getuig dat hy op 8 Oktober 2004 'n geleentheid vanaf Nelspruit na Komatipoort by Masuku gekry het. Hy bevestig dat die voertuig te Hectorspruit tot stilstand gebring was deur De Beer en Van der Schyff. Hy was deur De Beer gevisenteer en gearresteer. Die selfone was in die voertuig gevind. Die een selfoon was af terwyl die ander een deur Masuku gebruik was. Hy ontken dat daar enige dokumente in sy skoen gevind was. Hy erken dat die depositostrokie in sy besit gevind was maar beweer dat Arlindo Divane hom in 'n bank in Mosambiek gekry het en

hom versoek het om die geld namens hom te deponeer aangesien die tou te lank was.

[40] Die verhoorhof het bevind dat 3535 in beskuldigde 10 se besit gevind was tydens sy arresteer op 8 Oktober 2004 en dat die nommer op beskuldigde 2 se foonboek verskyn as "Y. R. Hass" (Dit moet ar# wees.)

[41] Meneer Van Wyngaard namens beskuldigde 10 het submiteer dat die verhoorhof fouteer het deur op sterkte van Van der Schyff se getuenis te bevind dat die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die selfoon in beskuldigde 10 se besit was.

[42] Dit is korrek dat Van der Schyff kleigetrap het gedurende kruisondervraging. Hy het nie net homself weerspreek nie maar ook 'n verslag wat hy self opgestel het. Hy was ook deur sy kollega De Beer weerspreek. Hy het toegegee dat hy vier verskillende weergawes voor die hof geplaas het. Dit is duidelik dat sy geheue hom in die steek gelaat het. Dieselfde kan egter nie van De Beer gesê word nie. Hy was konsekwent en seker dat hy vir Masuku gevisenteer en

gearresteer het. Geen kritiek was teen sy getuienis uitgespreek nie.

[43] Beskuldigde 10 se weergawe is leuenagtig en onwaarskynlik. Volgens hom het hy ’n geleentheid by Masuku gekry maar hy sit sy persoonlike dokumente in Masuku se voertuig; dit terwyl hy nie eers Masuku se naam geken het nie. Hy ontken dat hy Arlindo Divane is terwyl daar oorweldigende getuienis is dat hy wel ook as Arlindo Divane bekend staan. Die rede waarom hy dit ontken is voor die hand liggend, want indien hy dit erken en daar word bevind dat die ar# op beskuldigde 2 se selfoon staan vir Arlindo dan sal dit beteken dat 3535 sy selfoon is. Van der Schyff se getueinis dat ’n Frank geskakel het en gevra het om met Arlindo te praat is ook nie pertinent ontken nie. Die verhoorhof het sy weergawe tereg verwerp.

[44] Die bewese feite is die volgende:

44.1 Beskuldigde 10 en Masuku was in die Camry.

44.2 ‘n Selfoon is in Masuku se besit gevind.

44.3 Dit is onseker waar die tweede selfoon gevind is.

44.4 Beskuldigde 10 se ander naam is Arlindo Divane.

44.5 Op beskuldigde 2 se selfoon verskyn die letters ar en symbool # teen oor die selfoon nommer 3535.

44.6 Beskuldiugde 10 het leuenagtiglik beweer dat hy nie Arlindo Divane is nie.

44.7 Beskuldigde 10 het gewink vir die bestuurder van die geroofde vragmotor en dat daar vanaf 3535 na die vragmotor bestuurder se selfoon geskakel was.

44.8 Dat 'n persoon 3535 geskakel het en gevra het om met Arlindo te praat.

44.9 Beskuldigde 10 woon te Ennerdale.

44.10 Masuku woon te Ivory Park Tembisa.

44.11 3535 se sein is hoofsaaklik te Ennerdale, Lenasia en Grasmere opgevang.

[45] Dit is geykte reg dat 'n afleiding in 'n strafsaak slegs gemaak behoort te word indien dit konsekwent is met die bewese feite en dat dit die enigste redelike afleiding moet wees.

[46] Na ons mening staan ar# vir Arlindo. 'n Persoon het 3535 geskakel en vra om met Arlindo te praat. Beskuldigde 10 het 'n handgebaar gemaak wat duidelik aangetoon het dat hy met die vragmotorbestuurder kommunikeer. Daar was ook

per selfoon 3535 met die bestuurder van die vragmotor gekommunikeer. Daar is twee persone en twee selfone gevind. Daar is een selfoon op Masuku se persoon gevind. Dit is onwaarskynklik dat Masuku wat besig was om ’n geroofde vragmotor te begelei, ’n vreemdeling ’n geleentheid sou gee. Beskuldigde 10 woon te Ennerdale in die Wes Rand terwyl Masuku te Tembisa in die Oos Rand woonagtig is. Die selfoon se sein word hoofsaaklik in die Wes Rand opgevang.

[47] Na ons mening skort daar niks met die verhoorhof se bevinding dat 3535 in beskuldigde 10 se besit was nie. Dit strook met die bewese feite.

[48] Beskuldigde 11 se naam is Jackson Stephen Khoza. Hy is op 14 Julie 2004 te Johannesburg gearresteer. Inspekteurs Erasmus, Jacobs, Bierman en van Deventer het hom daarna na sy huis te Derdelaan 8 Rosettenville vergesel waar hulle op verskeie dokumente beslaggelê het. Die relevante dokumente is die volgende:

48.1 In die sitkamer het inspekteur Jacobs ‘n Vodacom dokument getitel “Important details to know about your

cellphone number" gevind. Op hierdie dokument kom die volgende inligting voor: Pin 4712, Puk 46418093 SIM CARD NUMBER 8961100000001123783 Cell number 0726175227.

48.2 Inspekteur Jacobs lê ook beslag, in die sitkamer, op 'n simkaart met selfoonnommer 0726175227 (5227).

48.3 In 'n vullisblik buite die huis vind inspekteur Bierman, onder andere, 'n dokument met die titel "Your Vodacom Certificate." Hierdie dokument bevat die volgende inligting: Cell number 0721117824; PIN MUMBER 5903; PUK NUMBER 05008289; ICC ID NUMBER 8911100000001291045.

48.4 Onder die bed is daar twee Eerste Nasionale Bank deposito strokies gevind wat aandui dat beskuldigde 11 geld gedeponeer het en sy selfoonnommer as 0827238870 aangedui het.

48.5 Daar is ook belaggelê op 'n kwitansie uitgereik deur Southern Brick Yard gedateer 23/11/2005 waarop die volgende besonderhede versky: 8 3rd Rd Larochelle Jackson 0721117824 (7824).

[49] Die nommer 8870 kom voor in beskuldigde 1 en 2 se

foonboeke teenoor die naam “JKS.’ Die verhoorhof het korrek bevind dat “JKS” staan vir Jackson. Die nommer 7824 kom voor in beskuldigde 10 se foonboek as “Jeksen.” Die nommer 5772 kom voor in beskuldigde 1 se foonboek onder die naam “JKS”, in beskuldigde 2 se foonboek onder die naam “JKSN”, in beskuldigde 5 se foonboek onder die naam “Jackson” en in beskuldigde 6 se foonboek as “Jack.”

[50] Die simkaarte met nommers 5772 en 7824 was beide in dieselfde handstuk gebruik.

[51] Beskuldigde 11 het getuig dat 8870 sy gewese meisie, Belucia, se selfoonnommer is. Hy het enige kennis van van 5772 en 7824 ontken.

[52] Dit is duidelik dat die datum op die kwitansie van Southern Brick Yard verkeerd is. Bierman se getuienis is duideik. Hy was slegs by een geleentheid by beskuldigde 11 se woning en dat hy tydens daardie geleentheid op daardie dokument beslaggelê het. Beskuldigde 11 is op 14 Julie 2005 gearresteer. Die kwitansie is gedateer 23 November 2005. Dit is onmoontlik dat daardie kwitansie op 23 November

2005 uitgeskryf kon gewees het.

[53] Die getuienis teen beskuldigde11 is verdoemend. Daar was dokumentasie aangaande die drie tersaaklike selfoonnommers in sy huis gevind en al drie selfoonnommers is in van die ander beskuldigdes se foonboeke gestoor onder sy naam.

[54] Die verhoorhof het sy weergawe, korrek, as vals verwerp en bevind dat hy die drie simkaarte gebruik het. Ons stem saam met daardie gevolgtrekking.

[55] Beskuldigde 13 is op 25 Februarie 2005 te Ennerdale gearresteer. Inspekteur Cloete het getuig dat hy tydens beskuldigde 13 se arrestasie 'n Nokia handstuk met IMEI nommer 350689201433659 en simkaart met selfoon nommer 0726288872 (8872) in beskuldigde 13 se besit gevind het.

[56] Beskuldigde 13 het bevestig dat inspekteur Cloete op 25 Februarie 2005 op sy selfoon beslaggelê het. Hy beweer egter dat die simkaart in die handstuk se selfoonnommer

0726420059 was. Volgens hom het hy ‘n simkaart met selfoonnommer 0726288872 besit maar dat hy gedurende 2004 sy foon met daardie simkaart daarin verloor het.

[57] Die selfoonrekords toon egter aan dat die nommer 8872 in die handstuk met IMEI 350689201433659 tot 21 April 2005 gebruik was. Dit is duidelik dat beskuldigde 13 se getuienis vals is. Dit was tereg verwerp. Die verhoorhof se bevinding dat nommer 8872 aan beskuldigde 13 behoort het is in die kol.

[58] Voordat ons die aanklagte wat voortspruit uit elke afsonderlike voorval afsonderlik behandel in die lig van die voormelde bevindings, is dit dienlik om ‘n oorsig te gee van ons benaderingswyse in hierdie saak ten einde te bepaal of die verhoorhof fouteer het deur te bevind dat die skuld van ‘n bepaalde beskuldigde op ‘n bepaalde aanklag bo redelike twyfel bewys is.

[59] Logieserwys moet eerstens bepaal word of ‘n beskuldigde aan die betrokke rooftog of kaping self deelgeneem het of andersins fisies betrokke was by die pleging van die

betrokke misdryf. Dit kan in hierdie saak eerstens bewys word deur aanvaarde positiewe identifikasie deur die klaer(s) van die beskuldigde as een van die daders. Dit kan ook in die afwesigheid van 'n aanvaarbare verduideliking daarvoor, bo redelike twyfel afgelei word daarvan dat vingerafdrukke van die beskuldigde gevind is op 'n voertuig of voorwerp wat by die misdaad betrokke was of dat die beskuldigde kort na pleging van die roof in besit of beheer was van 'n voertuig of voorwerp wat tydens die roof gesteel is.

[60] Wat betref selfoongetuienis kan in die afwesig van 'n aanvaarbare verduideliking tot die teendeel, bevind word dat 'n selfoon wat bewys is aan 'n beskuldigde te behoort, deur die beskuldigde self gebruik is. Op hierdie wyse kan van die bewys deur selfoondata van die gebruik van die selfoon in die nabyheid van tyd en plek van die pleging van die misdaad en ver van die woonplek van die beskuldigde, in die afwesigheid van 'n aanvaarbare verduideliking bo redelike twyfel afgelei word dat die betrokke beskuldigde aan die pleging van die betrokke misdaad deelgeneem het.

[61] Dit moet natuurlik des te meer so wees waar die beskuldigde

op meer as een van hierdie wyses aan die pleging van die betrokke misdaad verbind word, waar die beskuldigde naby aan die tyd van die pleging van die misdryf ook per selfoon in kontak was met ‘n ander persoon wat bewys is aan die pleging van die misdryf skuldig is of waar selfoondata aantoon dat die beskuldigde ook ‘n roete gevolg het wat in tyd en ruimte ooreenstem met dié van die gekaapte vragmotor.

[62] Dit is duidelik dat voorafbeplande kapings van veral vragmotors met vragte deur ‘n sindikaat hier ter sprake is. Reëlings moes byvoorbeeld getref gewees het vir afset van die vragmotors en vragte en vir begeleiding daarvan tot by die bestemming, meestal in Mosambiek. Dit moet dus aanvaar word dat persone betrokke was by pleging van die misdrywe kragtens voorafgaande sameswering, maar wat nie aan die betrokke rooftog self deelgeneem het of andersins fisies daarby betrokke was nie. Die betrokkenheid van sodanige persone by die beplanning of ooreenkoms en dus sameswering om die betrokke kaping te doen, kan bo redelike twyfel afgelei word van data van die gebruik van selfone. Indien ‘n beskuldigde tydens of op meer as een

geleentheid kort voor of kort na die pleging van die kaping per selfoon in kontak was met 'n persoon of persone wat bewys is aan die rooftog self deelgeneem het of andersins fisies daarby betrokke was, moet ons insiens in die afwesigheid van 'n aanvaarbare verduideliking bevind word dat die beskuldigde in die uitvoering van 'n sameswering aan die uitvoering van die misdryf deelgeneem het. Die omstandighede moet dus sodanig wees dat bloot toevallige selfoonkontak tussen die beskuldigde en die bewese rower as redelike moontlikheid uitgesluit kan word. Sodanige selfoonkontak slegs op 'n ander dag as die dag waarop die misdryf gepleeg is of 'n enkele oproep op dieselfde dag gemaak, ure voor of na die roof, sou dus alleenstaande nie voldoende wees om 'n *prima facie* afleiding van deelname aan die misdaad te regverdig nie. Dit kan egter beswaarlik toevallig wees dat 'n beskuldigde per selfoonkontak gehad het met 'n bewese rower tydens die betrokke roof of op meer as een geleentheid kort voor of kort daarna en hy dit nie kan verduidelik nie of valslik ontken. Dit kan nog minder 'n toevalligheid wees indien die beskuldigde aldus kontak gehad het met meer dan een bewese deelnemers aan die betrokke misdaad. Hoe meer die selfoon kontak tussen die

beskuldigde en die bewese rower tydens, kort voor of kort na die betrokke roof, hoe sterker natuurlik die afleiding van deelname daaraan. ‘n Beskuldigde wat aldus bewys is ‘n samesweerder ten opsigte van die betrokke kaping te wees, kan natuurlik op sy beurt ook ‘n ander of hierdie wyse met selfoondata verbind.

[63] Nie een van die onderhawige beskuldigdes wie se gebruik van ‘n selfoon of selfone aan die voormelde voldoen, het ‘n aanvaarbare onskuldige verduideliking vir die gebruik daarvan gegee nie, trouens in die meeste gevalle het hul valslik ontken dat hulle die betrokke selfone besit het of gebruik het.

**<u>Klagtes 1 en 2</u>**

[64] Beskuldigde 13 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Hierdie klagtes betref die gewapende roof van ‘n MAN vragmotor en sleepwa ter waarde van R500 000 met ‘n vrag koring ter waarde van R100 000 op 15 November 1999 te Bloemhof. Volgens die drywer van die MAN het twee gewapende mans by ‘n vulstasie uit ‘n blou Cressida motor geklim en die MAN geroof. Die drywer en sy assistent is in die Cressida se

kattebak gesit en nadat hulle vir ongeveer ‘n dag in die veld aangehou is, vrygelaat. Die klaer het op ‘n later stadium die Cressida opgemerk terwyl hy saam met privaat ondersoekers was. Na ‘n jaagtog het die persone uit die Cressida gespring en weggehardloop. Beskuldigde 13 se vingerafdrukke is op die Cressida gevind. Die klere wat die klaer tydens die roof gedra het, is in die Cressida se kattebak gevind.

[65] Namens beskuldigde 13 wys Mnr. Potgieter daarop dat beskuldigde se palmafdruk aan die buitekant van die masjienkap gevind is. Beskuldigde 13 se weergawe is dat hy die Cressida by ‘n handelaar in Julesstraat, Johannesburg gekoop het en in 1997 verkoop het aan ene Makwakwa, wat dit afbetaal het. In 1999 was daar ‘n probleem met die enjin en beskuldigde 13 het die voertuig gaan ondersoek. Dis hoe sy palmafdruk op die enjinkap gekom het.

[66] Beskuldigde 13 se weergawe is deur die verhoorhof as vergesog verwerp. Die Cressida is naby beskuldigde 13 se woning teruggevind. Daar is geen basis om met hierdie skuldigbevinding in te meng nie.

**Klagte 4**

[67] Beskuldigde 1 is op hierdie klagte skuldig bevind. Hierdie klagte betref die gewapende roof van ‘n Pajero op 27 Julie 2000 te Carltonville. Die Pajero is die volgende dag by Nelspruit teruggevind. Beskuldigde 1 word met die klagte verbind omdat sy vingerafdruk gevind is op ‘n nommerplaat wat op die gesteelde Pajero was. Beskuldigde 1 se verduideliking is dat sy vingerafdruk op die nommerplaat gekom het toe hy as passasier in die Pajero gery het en hy aan die nommerplaat geraak het.

[68] Mnr. Van Wyngaard, namens beskuldigde 1, sê die staatsgetuies gee teenstrydige getuienis oor waar die nommerplaat gevind is. Die Staat sê beskuldigde 1 is tereg skuldig bevind.

[69] Die getuienis dat beskuldigde 1 se vingerafdruk op die nommerplaat MME 0490 gevind is, wat met die Pajero verbind word, is tereg deur die verhoorhof aanvaar as voldoende. Daar is geen basis om in te meng nie.

**Klagtes 7 en 8**

[70] Beskuldigdes 1 en 6 is op hierdie klagtes skuldig bevind.

[71] Hierdie klagtes betref die gewapende roof van ‘n Scania vragmotor en sleepwa ter waarde van R105 800 met ‘n vrag koeldrank ter waarde van R1,3 miljoen, op die Heilbron/Petrus Steyn pad op 1 Maart 2004 om ongeveer 13:45.

[72] Beskuldigde 6 is deur die klaer geïdentifiseer as een van die persone wat die roof uitgevoer het. Die klaer was helder oordag en vir meer as ‘n voldoende tydperk om behoorlike waarneming te doen, in die teenwoordigheid van beskuldigde 6. Die verhoorhof het die getuienis van beskuldigde 6 hieromtrent verwerp en het bevind dat die klaer, Mnr Ncongwane, se getuienis logies, gemotiveerd, aanduidend van ‘n goeie geheue en oortuigend is. Daar is geen grondslag om met hierdie bevindinge in te meng nie.

[73] Beskuldigde 1 word deur sy selfoonrekords met die onderhawige misdryf verbind. Volgens sy selfoon rekords het beskuldigde 1 vroegoggend vanaf Tembisa vertrek en

was hy tussen 13:20 en 14:18 in die omgewing van Heilbron en Petrus Steyn. Daar was ook selfoonkontak tussen beskuldigdes 1 en 6 om 21:35 op dieselfde dag.

[74] Daar is geen basis om met hierdie skuldigbevinding in te meng nie.

**Klagtes 15 en 16**

[75] Beskuldigdes 1 en 2 is skuldig bevind op hierdie klagtes. Hierdie klagtes betref die gewapende roof van ‘n Mercedes Benz Actros en ‘n tenker sleepwa, waarde R700 000 en R571 000, met ‘n vrag ter waarde van R30 000 geroof te Orange Farm op 23 Junie 2004 vanaf 8:15.

[76] Beskuldigde 2 is die persoon wat die klaer Mnr Motaung in die bosse ingeneem het. Mnr Motaung was vir nagenoeg vier ure in beskuldigde 2 se geselskap, helder oordag. Hy het genoeg tyd en geleentheid vir uitkenning gehad.

[77] Beskuldigde 1 se selfoon word op die toneel geplaas, vanaf 8:15, veral omstreeks 9:00 asook daarna. Beskuldigde 1 het na die voorval kontak met beskuldigde 2 om 12:23.

[78] Daar is geen basis om met hierdie skuldigbevindings in te meng nie.

**Klagtes 17 en 18**

[79] Aanklagte 17 en 18 het betrekking op 'n gewapende roof van 'n Nissan vragmotor met 'n vrag tamaties wat plaasgevind het op 28 Junie 2004 omstreeks 14:30 naby Warden. Beskuldigdes 1, 2, 3, 4, 5, 6 en 11 is deur die verhoorhof op hierdie aanklagte skuldig bevind.

[80] Volgens die selfoonrekords van beskuldigde 1 se selfoon wat eindig in 8804 het hy op die betrokke dag beweeg vanaf Tembisa tot by Warden en weer terug na Tembisa via die N3. Om 7:24 was hy nog te Tembisa. Daarna het hy beweeg in die rigting van Warden, in welke omgewing hy verskeie oproepe gemaak het tussen 15:23 en 15:33 en om 21:44 was hy weer terug by Tembisa. Met inagneming van sy valse ontkenning van die besit en/of gebruik van die selfoon wat eindig in 8804 moet na ons oordeel bevind word dat die enigste redelike afleiding is dat beskuldigde 1 te Warden deelgeneem het aan die pleging van die

onderhawige kaping.

[81] Daar was op die betrokke dag selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en beskuldigde 11 op meerdere geleenthede kort voor en kort na die pleging van die onderhawige misdrywe. Daar was kontak tussen beskuldigde 1 en 11 om 8:53 en daarna weer om 17:07, 17:08 en 17:09. In die afwesigheid van enige aanvaarbare verduideliking is die enigste redelike afleiding dat beskuldigde 11 met beskuldigde 1 aldus kontak gehad het omdat hy deel was van 'n komplot om die onderhawige kaping te pleeg.

[82] Beskuldigde 6 het op sy beurt op die betrokke dag selfoonkontak gehad met beskuldigde 11, naamlik om 10:04, 10:35, 10:36 en veral belangrik om 14:33. Laasgenoemde kontak, per sms, moet beskou word as kontak tydens die onderhawige kaping. Beskuldigde 6 het nie 'n aanvaarbare verduideliking gegee waarom hy aldus met beskuldigde 11 kontak gehad het nie en word beskuldigde 6 derhalwe via beskuldigde 11 verbind as 'n samesweerder ten opsigte van hierdie kaping.

[83] Beskuldigde 5 het selfoonkontak gehad met beskuldigde 6 op die betrokke dag om 10:06 en weer 10:38. In die lig veral daarvan dat die kontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 5 telkens plaasgevind het binne minute nadat daar kontak was tussen beskuldigde 6 en 11, is ons nie oortuig daarvan dat die verhoorhof fouteer het deur beskuldigde 5 op hierdie aanklagte skuldig te bevind nie.

[84] Dieselfde geld na ons oordeel vir beskuldigde 2, selfs slegs op die volgende grondslag. Daar was selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en beskuldigde 2 op nie minder nie as 7 geleenthede op die dag tevore, dit wil sê 27 Junie 2004. Hierdie kontak het plaasgevind om 12:05, 13:23, 14:12, 16:55, 18:02, 19:33 en 20:02 en is aanduidend, in die afwesigheid van enige verduideliking, van beplanning van die rooftog wat die volgende dag onder andere deur beskuldigde 1 uitgevoer sou word. Daar was dan ook selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en 2 op 28 Junie 2004 om 10:56. Boonop het beskuldigde 2 op daardie dag om 16:57 ten minste gepoog om per selfoon kontak te maak met beskuldigde 3, wie se skuldigbevinding op hierdie aanklagte nie aangeveg word nie.

[85] Wat betref beskuldigde 4 is die posisie na ons oordeel egter anders. Die verhoofhof se skuldigbevinding van beskuldigde 4 op hierdie aanklagte is daarop gebaseer dat volgens die betrokke selfoondata beskuldigde 6 hom tesame met beskuldigde 2 op 28 Junie 2004 in die omgewing van Alrode Suid bevind het, dat beskuldigde 4 hom ook op 28 Junie 2004 te Alrode Suid bevind het, dat hy op daardie datum om 16:30 in selfoonkontak was met beskuldigde 11, asook dat daar deurlopend selfoonkontak was tussen beskuldigde 4 en beskuldigde 11 op die dag ná die voorval, dit wil sê 29 Junie 2004. Dit blyk uit die betrokke selfoonrekords dat beskuldigde 6 hom op 28 Junie 2004 om 10:36 te Alrode Suid bevind het terwyl beskuldigde 2 hom om 13:36 en 14:02 aldaar bevind het. Beskuldigde 4 was egter vanaf 16:30 tot 16:38 in die omgewing van Alrode Suid. Beskuldigde 4 het nie selfoonkontak gehad met beskuldigde 11 om 16:30 op 28 Junie 2004 of op enige tydstip op daardie dag nie en die verhoorhof het in hierdie verband fouteer. In die lig hiervan kan nie van die feit dat daar selfoonkontak tussen beskuldigde 4 en beskuldigde 11 was by vier geleenthede tussen 13:24 en 13:45 op 29 Junie 2004, selfs *prima facie*

afgelei word dat beskuldigde 4 deel was van 'n sameswering om die onderhawige kaping te pleeg nie. Dit is gevolglik irrelevant dat beskuldigde 4 nie getuienis afgelê het nie.

[86] Dit volg dat die skuldigbevinding van beskuldigde 4 op aanklagte 17 en 18 ter syde gestel moet word maar dat die ander skuldigbevindings waarteen geappelleer is bekragtig moet word.

**Klagte 19 en 20**

[87] Hierdie aanklagte het betrekking op die kaping van 'n vragmotor op 16 Julie 2004 kort na 14:00 buite Frankfort. Beskuldigdes 1, 2, 3, 4, 5, 6, 10, 11 en 14 is op hierdie aanklagte skuldig bevind. Die verhoorhof het bevind dat 'n selfoon met 'n nommer wat eindig in 1911 bewys was betrokke te gewees het by verskeie van die onderhawige misdrywe. Geriefshalwe word hierna bloot verwys na nommer 1911. Hierdie bevinding is deur die Hoogste Hof van Appèl aanvaar in die uitspraak in beskuldigde 14 se appèl na daardie hof (**NXUMALO v THE STATE** [2009] ZASCA 113, gelewer 23 September 2009). Dit moet dus vir doeleindes vir die onderhawige aanklagte aanvaar word dat

nommer 1911 aandadig was daaraan. Vir die redes wat volg moet bevind word dat beskuldigde 1, 3, 5 en 14 aan die betrokke rooftog self deelgeneem het en/of andersins fisies daarby betrokke was.

[88] Beskuldigde 1 het sy selfoon in die omgewing van die toneel van die misdaad gebruik om 14:22, 14:24, 14:25 en 14:26. Hy het daarheen dieselfde roete gevolg as wat die gekaapte vragmotor gevolg het, naamlik vanuit die rigting van Reitz na Frankfort. Beskuldigde 1 was per selfoon in kontak met nommer 1911 op 16 Julie 2004 om 11:22, 11:25, 19:22, 19:27 en 22:25.

[89] Die vingerafdruk van beskuldigde 3 is gevind aan die buitekant van die geroofde vragmotor. Sy verduideliking hiervoor is deur die verhoorhof as vals verwerp en daar is geen grondslag om van hierdie bevinding te verskil nie. Beskuldigde 5 is op 19 Julie 2004 in die Komatipoort omgewing in die geroofde voertuig gevind terwyl hy die bestuurder daarvan was. Die vragmotor het 'n vervalste nommerplaat opgehad en die satelietopsporingstelsel daarin was opsigtelik verwyder. Insgelyks is daar geen rede of

grondslag om in te meng met die verhoorhof se verwerping van die weergawe van beskuldigde 5 nie. Boonop was beskuldigdes 3 en 5 per selfoon in kontak met mekaar op 16 Julie 2004 om 19:31, 19:50 en 20:31. Beide beskuldigde 3 en beskuldigde 5 het beweeg na die Lebombo en Komatipoort omgewing. Op 19 Julie 2004 was beide beskuldigdes 3 en 5 in die omgewing van Lebombo, Naas Service Station en Komatipoort, meermale gedurende tye wat oorvleuel. Op 19 Julie 2004 was beskuldigde 3 te Naas Service Station tussen 11:23 en 11:29. Beskuldigde 5 was daar onder andere tussen 10:53 en 11:29. Gedurende hierdie tyd het ook selfoonkontak tussen beskuldigde 3 en 5 plaasgevind. Beskuldigde 3 en 5 was beide op hierdie datum in die Komatipoort omgewing en wat betref Lebombo was beskuldigde 3 in daardie omgewing tussen 20:24 en 20:26 terwyl beskuldigde 5 juis ook tussen 20:22 en 20:26 in dieselfde omgewing of op dieselfde plek was.

[90] Die Hoogste Hof van Appèl het in die voormelde uitspraak die bevinding van die verhoofhof dat beskuldigde 14 by of naby die toneel van die misdaad was op die betrokke tydstip, bekragtig en bevind dat die enigste redelike afleiding is dat

hy self aan die pleging van die betrokke misdade deelgeneem het. Beskuldigde 14 is dus, soos beskuldigde 1, direk gekoppel aan die onderhawige kaping.

[91] Beskuldigde 2 het op die vorige dag, dit wil sê 15 Julie 2004, kontak gehad met beskuldigde 1 om 11:10 en 11:15. Op die betrokke datum, 16 Julie 20:04, was daar herhaaldelik selfoonkontak tussen beskuldigde 2 en beskuldigde 1 te wete om 6:58, 15:02, 15:52, 17:58, 18:10, 18:12, 18:34, 18:49, 19:13 en 19:37. Beskuldigde 2 was ook in kontak met nommer 1911 op 15 Julie 2004 om 17:43 en 19:04, op 16 Julie 2004 om 20:39 en op 17 Julie 2004 om 07:45, 7:54 en 08:27. Die enigste redelike afleiding wat in al die omstandighede van hierdie onverduidelikde kontak gemaak kan word, is dat beskuldigde 2 kragtens sameswering 'n deelnemer aan hierdie misdade was.

[92] Op sy beurt het beskuldigde 10 op 16 Julie 2004 kontak gehad met beskuldigde 1 by verskeie geleenthede te wete 08:10, 09:52, 14:38, 20:02, 20:03 en 20:04. Beskuldigde 10 het ook met beskuldigde 2 kontak gehad op 16 Julie 2004 om 11:58 en meermale op 17 Julie 2004 te wete 14:42,

16:08 en 16:11. Ook van hierdie selfoonkontak moet in die omstandighede as enigste redelike afleiding bevind word dat beskuldigde 10 skuldig is in hierdie misdrywe. Duidelikheidshalwe moet gemeld word dat geen afleiding daarvan gemaak word dat beskuldigde 10 ook na die Lebombo omgewing is in die dae na 16 Julie 2004 nie. Beskuldigde 10 se selfoonrekords toon aan dat hy laatmiddag op 16 Julie 2004 via Molopo-oog en Madikwe in die rigting van Botswana beweeg het en dat hy eers gedurende die middag van 20 Julie 2004 in die Lebombo omgewing was.

[93] Na ons oordeel is die omstandigheidsgetuienis teen beskuldigde 11 baie sterk en was die verhoorhof korrek om hom op hierdie aanklagte skuldig te bevind. Daar was kontak per selfoon tussen beskuldigde 11 en beskuldigde 1 op 16 Julie 2004 om besonderlik 14:46, maar ook 18:18 en 20:06. Daar was op dieselfde datum herhaalde kontak tussen beskuldigde 11 en beskuldigde 3, besonderlik rondom 14:00, naamlik 10:54, 12:14, 14:12, 14:32, 15:07, 15:14 en 19:30. Daar was op 16 Julie 2004 nie minder nie as 21 keer selfoonkontak tussen beskuldigde 11 en

beskuldigde 5, vanaf 10:55 tot 23:50. Op die volgende dag, 17 Julie 2004, was daar feitlik aaneenlopende kontak tussen beskuldigde 11 en beskuldigde 5 en was daar by meerdere geleenthede kontak tussen beskuldigde 11 en 5 op beide 18 Julie 2004 en 19 Julie 2004. Daar word hieronder verwys na die herhaalde kontak op 16 Julie 2004 tussen beskuldigde 11 en beskuldigde 6. Na die kaping was beskuldigde 5 volgens sy selfoonrekords te Alrode Suid vanaf 16:07 tot 16:47. Beskuldigde 11 was op sy beurt op 16 Julie 2004 te Alrode Suid vanaf 16:05 tot 16:42, volgens sy selfoonrekords. In hierdie tydperk was daar by twee geleenthede selfoonkontak tussen beskuldigde 11 en beskuldigde 5. Beskuldigde 11 was in die Komatipoort omgewing op 19 Julie 2004 vanaf 13:00 tot 13:05 en vanaf 13:30 tot 15:00. Dit stem ooreen met die selfoondata van beskuldigde 3 wat aantoon dat hy op daardie datum te Komatipoort omgewing was vanaf 13:01 tot 13:39. Beskuldigde 11 was op 19 Junie 2004 te Naas Service Station om 15:36 en 17:59 en om 20:19 in die Komatipoort omgewing. Dit stem ooreen met die bewegings van beskuldigde 5 volgens die selfoonrekords, naamlik dat hy om 20:23 en vanaf 20:51 tot 21:40 ook te Komatipoort was. In

laasgenoemde tydperk het beskuldigde 5 by vyf geleenthede kontak gehad met beskuldigde 1. Beskuldigde 11 was in die Lebombo omgewing op 19 Julie 2004 vanaf 20:14 tot 20:17 en vanaf 20:22 tot 20:26. Beskuldigde 3 was op daardie datum in die Lebombo omgewing vanaf 20:24 tot 20:26 en beskuldigde 5 was daar vanaf 20:22 tot 20:26 en ook om 20:41, toe hy ook met beskuldigde 1 kontak gehad het. Dit sal onthou word dat die kaping plaasgevind het op 16 Julie 2004 en dat die vragmotor in besit van beskuldigde 5 teruggevind is in die Komatipoort/Lebombo omgewing op 19 Julie 2004. Uit die voorgaande blyk dat beskuldigde 11 gedurende hierdie tydperk nie net in uitgebreide kontak was met beskuldigde 5 nie, maar ook met persone wat bewys is aan die betrokke misdryf deel te geneem het en/of andersins fisies daarby betrokke te gewees het, te wete beskuldigdes 1 en 3.

[94] Beskuldigde 6 was op 16 Julie 2004 in kontak met beskuldigde 1 om 20:07. Daar was op 16 Julie 2004 kontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 3 om 10:38, 21:37 en 22:13. Daar was op 16 Julie 2004 by 30 geleenthede kontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 5 tussen 15:12 en

23:09 asook op verskeie geleenthede op 17 Julie 2004 en 18 Julie 2004. Daar was ook kontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 11 op 16 Julie 2004 om 12:04, 14:35, 15:20, 15:50, 16:16, 16:39, 16:42, 16:47, 16:48, 16:50 en 16:58. Toe beskuldigde 5 op 16 Julie 2004 vanaf 16:07 tot 16:47 te Alrode Suid was, was daar, soos gemeld, by vyf geleenthede kontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 5. Insgelyks toe beskuldigde 11 op 16 Julie 2004 vanaf 16:05 tot 16:42 te Alrode Suid was, was daar by twee geleenthede kontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 11. Beskuldigde 6 self was op daardie datum om 16:58 te Alrode Suid en hy het aldaar om 16:58 vir elk van beskuldigde 5 en beskuldigde 11 gekontak. Beskuldigde 6 was op 19 Julie 2004 te die Komatipoort omgewing vanaf 13:34 tot 14:24. Dit stem ooreen met die teenwoordigheid van elk van beskuldigde 3 en beskuldigde 11 in daardie omgewing soos hierbo uiteengesit. Beskuldigde 6 was op 19 Julie 2004 om 15:00 te die Lebombo omgewing toe hy kontak gemaak met beskuldigde 11. Beskuldigde 6 was by Naas Service Station op 19 Julie 2004 vanaf 17:50 tot 17:55, wat ooreenstem daarmee dat beskuldigde 5 aldaar was te 17:56. Op hierdie wyse is daar ook wat betref beskuldigde 6 ‘n onlosmaaklike

web van skuld om hom geweef.

[95] Dit kan weereens egter nie gesê word van beskuldigde 4 nie. Die verklarings wat beskuldigde 5 buitegeregtelik gemaak het tot die effek dat hy deur beskuldigde 4 aangesê was om die geroofde vragmotor te bestuur, is nie toelaatbare getuienis teen beskuldigde 4 nie. Dit volg dat die enigste getuienis teen beskuldigde 4 is dat hy op 18 Julie 2004 vanaf 16:13 tot 16:41 in die Lebombo en Komatipoort omgewings was. Hierdie getuienis is nie na ons oordeel voldoende om 'n *prima facie* saak teen beskuldigde 4 op hierdie aanklagte uit te maak nie. Boonop blyk uit beskuldigde 4 se selfoonrekords dat hy op 12 Julie 2004 om 11:30 sy selfoon te Lebombo gebruik het, maar dat die volgende inskrywing in sy selfoonrekords juis die een is van 18 Julie 2004 om 16:13 te Komatipoort. Hieruit behoort afgelei te word dat beskuldigde 4 in die tydperk tussen die twee gemelde inskrywings in Mosambiek was. Toe beskuldigde 4 soos gemeld op 18 Julie 2004 na die Republiek van Suid-Afrika teruggekeer het, het hy volgens sy selfoonrekords ook in die rigting van Gauteng beweeg, wat die teenoorgestelde rigting is dan wat die ander beskuldigdes gevolg het, soos reeds

uiteengesit. Dit volg dat die appèl van beskuldigde 4 ook ten aansien van die skuldigbevindings en vonnisse op hierdie aanklagte moet slaag.

**Klagte 21 en 22**

[96] Hierdie aanklagte het betrekking op die roof van 'n vragmotor en die persoonlike besittings van die bestuurder daarvan sowel as die kaping van die bestuurder, wat plaasgevind het op 27 Julie 2004 tussen Memel en Vrede om ongeveer 9:00. Beskuldigdes 1, 2, 6, 11, 14 en 15 is op hierdie aanklagte skuldig bevind. Beskuldigde 14 se skuldigbevindings op hierdie aanklagte is deur die Hoogste Hof van Appèl ter syde gestel. Beskuldigde 15 het nie aansoek gedoen om verlof om te appelleer nie.

[97] Beskuldigde 1 is positief geïdentifiseer deur die bestuurder van die vragmotor as een van die persone wat aan die roof deelgeneem het. Hierdie persoon was vir ongeveer 4 ure aaneenlopend in helder daglig in die geselskap van beskuldigde 1. Volgens die selfoondata van beskuldigde 1 se selfoon wat eindig in 8804 was hy in die omgewing van die misdaadtoneel op die betrokke datum en wel vanaf 9:03

tot 12:11. Volgens die selfoonrekords van nommer 1911 was die betrokke persoon op 27 Julie 2004 in die omgewing van die misdaadtoneel vanaf 9:13 tot 10:06. Daar was meermale selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en nommer 1911 op 26 Julie 2004 en 27 Julie 2004 was hul in selfoonkontak om 4:58 en 5:18. Na die roof het beide beweeg na Alrode Suid, beskuldigde 1 was te Alrode Suid tussen 15:39 en 15:48 en nommer 1911 was in daardie omgewing tussen 16:09 en 16:14. Daar is dus sterk stawing vir die getuienis van die bestuurder van die vragmotor en daar is geen rede hoegenaamd om die verhoorhof se bevindings dat hierdie getuie se getuienis geloofwaardig was en dat sy identifikasie van beskuldigde 1 betroubaar was, te bevraagteken nie.

[98] Beskuldigde 11 was op 27 Julie 2004 in selfoonkontak met nommer 1911 om 14:52, 14:55 en 23:13. Boonop was beskuldigde 11 in selfoonkontak met beskuldigde 1 op 26 Julie 2004 om 11:23, 11:38, 16:06, 20:36 en 20:39 en op 28 Julie 2004 om 21:30 en 21:31. Van hierdie onverduidelikde selfoonkontak met twee persone wat by die pleging van die onderhawige misdrywe teenwoordig was, moet bo redelike

twyfel afgelei word dat beskuldigde 11 saamgesweer het om hierdie misdrywe te pleeg.

[99] Beskuldigde 6 was op sy beurt herhaaldelik in selfoonkontak met beskuldigde 11. Op 26 Julie 2004 was daar meermale selfoonkontak tussen beskuldigde 6 en beskuldigde 11, op 27 Julie 2004 was hul in selfoonkontak om 9:46, 11:40, 12:07, 15:30 en 20:49 en op 28 Julie 2004 was hul insgelyks meermale in selfoonkontak. Insgelyks moet na ons oordeel in die omstandighede hiervan afgelei word dat beskuldigde 6 deel was van 'n sameswering om die onderhawige misdrywe te pleeg.

[100] Wat betref beskuldigde 2, steun die respondent slegs op selfoonkontak tussen beskuldigde 2 en nommer 1911 om 5:24 op 27 Julie 2004. Beskuldigde 2 was gedurende die aand van 26 Julie 2004 ook by twee geleenthede in selfoon kontak met nommer 1911. Selfs met inagneming hiervan egter, was 'n antwoord deur beskuldigde 2 nie geverg nie en is sy skuld op hierdie aanklagte nie bo redelike twyfel bewys nie.

**Klagtes 23 en 24**

[101] Beskuldigde 1, 3, 11 en 14 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Hierdie klagte betref die roof van ‘n Mercedes Benz vragmotor ter waarde van R700 000 by Koppies op 5 Augustus 2004 om ongeveer 7:30 deur drie mans.

[102] Beskuldigde 1 is uitgeken as een van die persone wat hom beroof het deur die vragmotorbestuurder, Mnr Molefe. Die verhoorhof het Mnr Molefe se getuienis aanvaar. Daar is geen grondslag om met die verhoorhof se bevinding in hierdie verband in te meng nie. Inteendeel daar is baie sterk stawing vir die getuienis van Mnr Molefe. Enersyds word beskuldigde 1 deur middel van sy selfoonrekords met die toneel verbind, soos duidelik uiteengesit in die verhoorhof se uitspraak. Andersyds word beskuldigde 1 verbind deur middel van selfoonkontak wat hy op die betrokke datum gehad met twee persone wat onteenseglik bewys is aandadig is aan die onderhawige misdrywe, te wete beskuldige 14 en nommer 1911. Beide word volgens hulle selfoonrekords met die toneel en met mekaar verbind. Beskuldigde 14 het nie verlof om te appelleer op hierdie aanklagte verkry nie. Nommer 1911 het op 7 Augustus 2004

begin om daardie nommer te gebruik met die selfoon wat by hierdie geleentheid geroof is. Beskuldigde 1 en 14 het op 5 Augustus 2004 per selfoon kontak gehad om 4:00, 7:42, 9:32, 9:41 en 19:05. Daar was herhaalde selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en nommer 1911 beginnende om 4:07, herhaaldelik tussen 8:38 en 9:47 en weer om 21:29. Daar is na ons oordeel geen twyfel nie dat beskuldigde 1 se skuld op hierdie aanklagte bewys is.

[103] Beskuldigde 11 het op 5 Augustus 2004 per selfoon kontak gehad met beskuldigde 1 om 19:34. Hy het met nommer 1911 kontak gehad op die betrokke dag om 07:23, 9:40 en 16:43. Hy was op die betrokke dag na die voorwal te Alrode Suid net soos beskuldigde 1 en 14 asook 1911 en alwaar die betrokke vragmotor ook gevind is. In die afwesigheid van enige aanvaarbare verduideliking hiervoor is tereg bevind dat beskuldigde 11 'n deelnemer was aan hierdie misdrywe.

**<u>Klagtes 25, 26 en 27</u>**

[104] Hier is beskuldigdes 1, 3, 10, 11 en 14 skuldig bevind.

[105] Die geval betref die gewapende roof van 'n Isuzu vragmotor

ter waarde van R780 000 en ‘n vrag rekenaartoerusting van R15 000 op 5 Augustus 2004 om ongeveer 22:00 naby Kroonstad deur vier mans.

[106] Beskuldigde 1 word deur middel van sy selfoonrekords met die toneel verbind. Daarvolgens was hy in die Kroonstad omgewing tussen 20:57 en 21:59. Die skuldigbevinding van beskuldigde 14 op hierdie aanklagte staan vas. Hy is met selfoondata met die toneel van die misdade verbind, is deur ‘n goeie getuie geïdentifiseer as een van die rowers en het op dieselfde dag begin om ‘n selfoon te gebruik wat by hierdie geleentheid geroof is. Die Hoogste Hof van Appèl het gevolglik nie verlof om te appèlleer op hierdie aanklagte aan beskuldigde 14 verleen nie. Beskuldigde 1 het op die betrokke dag kontak gehad met beskuldigde 14 soos hierbo uiteengesit ten aansien van aanklagte 23 en 24 asook met nommer 1911.

[107] Beskuldigde 11 het op sy beurt met beskuldigde 1 en 1911 kontak gehad soos hierbo uiteengesit ten aansien van aanklagte 23 en 24. Die verwysing deur die verhoorhof na selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en 11 ook om 20H30

blyk nie korrek te wees nie. Soos deur die verhoorhof verduidelik is die afleiding onweerstaanbaar dat hierdie misdrywe met dieselfde *modus operandi* gepleeg is nadat en as gevolg daarvan dat die vragmotor waarop aanklagte 23 en 24 betrekking het, onklaar geraak het. In al hierdie omstandighede kan nie fout gevind word met die skuldigbevinding van beskuldigde 11 op hierdie aanklagte nie.

[108] In sy uitspraak verwys die verhoorregter by die bespreking van hierdie klagtes nie na beskuldigde 10 nie, en dit lyk of die skuldigbevinding van beskuldigde 10 in par. [195] van die uitspraak 'n fout is. Beskuldigde 10 se skuldigbevinding op klagtes 25, 26 en 27 moet tersyde gestel word. Respondent gee toe.

**<u>Klagtes 30 en 31</u>**

[109] Beskuldigdes 1, 2 en 11 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Die klagtes betref die roof van 'n Hino vragmotor ter waarde van R265 000 en sleepwa van R80 000 tussen Heilbron en Sasolburg op 18 Augustus 2004 om ongeveer 12:30 deur drie mans.

[110] Beskuldigde 1 was volgens sy selfoondata in die Heilbron omgewing om 11:13. Op die totaliteit van die getuienis en in die afwesigheid van ‘n bevredigende verduideliking, is daar bo redelike twyfel bewys gelewer van beskuldigde 1 se aandadigheid aan hierdie misdrywe.

[111] Soos volledig blyk uit die uitspraak van die verhoorhof is daar met betrekking tot die dag van die voorval ‘n onlosmaaklike patroon van selfoondata wat beskuldigdes 1, 2, 11 en nommer 1911 onderling verbind. Daar was kontak tussen beskuldigde 1 en beskuldigde 2 om 11h13, toe beskuldigde 1 soos voormeld in die Heilbron omgewing was. Daar was daarna vanaf kort na die voorval om 12:42 verskeie keer kontak tussen beskuldigde 1 en beskuldigde 2. Daar was herhaaldelike kontak tussen beskuldigde 1 en nommer 1911, kort voor, gedurende en kort na die voorval. Daar was kontak tussen beskuldigde 2 en nommer 1911 op ‘n gereelde grondslag. Daar was kontrak tussen beskuldigde 11 en beskuldigde 1 kort voor en kort na die voorval en ook tussen beskuldigde 11 en nommer 1911 na die voorval. Al vier het hul na die voorval te Alrode Suid bevind.

[112] Na ons mening bewys die patroon van die selfoonoproepe, soos uiteengesit in die verhoorhof se uitspraak in par. [183], die skuld van beskuldigdes 1, 2 en 11 voldoende en daar is geen basis om in te meng nie.

**Klagtes 32, 33 en 34**

[113] Beskuldigdes 1, 2 en 11 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Die voorval behels die gewapende roof van ‘n Scania vragmotor en sleepwa ter waarde van R2,5 miljoen tussen Potchefstroom en Vereeniging op 20 Augustus 2004 om ongeveer 6:50 deur twee mans.

[114] Beskuldigde 1 word met selfoondata in die ongewing van die toneel van die misdrywe geplaas, soos ook nommer 1911. Beskuldigde 1 was in daardie omgewing vanaf ongever 6:54 tot ongeveer 8:42. In daardie tydperk was daar herhaalde selfoonkontak tussen beskuldigde 1 en nommer 1911 sowel as herhaaldelik daarna op dieselfde dag. Beskuldigde 3 se skuldigbevindings staan vas. Hy is in die gesteelde vragmotor gearresteer en sy vingerafdruk is op die voorste vervalste nommerplaat daarvan gevind. Hy het nie aansoek

om verlof om te appèlleer gedoen nie. Daar was selfoonkontak op 20 Augustus 2004 tussen beskuldigde 1 en 3 om 13:12, 17:58 en 18:36. In die omstandighede is ons oortuig daarvan dat beskuldigde 1 tereg skuldig bevind is op hierdie aanklagte.

[115] Beskuldigde 11 was op die betrokke dag feitlik deurgaans in selfoonkontak met drie persone wat bewys is aandadig te gewees het aan hierdie misdrywe, te wete beskuldigde 1, 3 en nommer 1911. Insiggewend is dat die selfoonkontak op die betrokke dag tussen beskuldigde 1 en beskuldigde 11 in aanvang neem om 6:59. Ook was beide beskuldigde 11 en nommer 1911 kort na die roof te Alrode Suid, beskuldigde 11 om 8:58 en nommer 1911 om 9:03.

[116] Beskuldigde 2 was op sy beurt op 20 Augustus 2004 in selfoonkontak met beskuldigde 1 om 12:57, 19:01, 23:17, 23:18, 23:40 en 23:45 en met nommer 1911 om 23:54. Daar is geen aanvaarbare verduideliking vir hierdie selfoonkontak op die dag van die roof met persone wat bewys is daaraan deel te gehad het nie. Alhoewel die data met betrekking tot selfoonkontak in die verhoorhof se uitspraak op hierdie

aanklagte verstaanbaar nie in alle opsigte heeltemal akkuraat is nie, is ons nie oortuig daarvan dat die skuldigbevinding van beskuldigde 2 foutief is nie.

**Klagtes 35 en 36**

[117] Beskuldigdes 1, 2 en 11 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Hierdie klagtes betref die gewapende roof van 'n Volvo vragmotor ter waarde van R1 miljoen en sleepwa van R33 000, tussen Petrus Steyn en Heilbron op 26 Augustus 2004 om ongeveer 19:00 deur drie mans.

[118] Die getuienis teen beskuldigde 1 is verdoemend. Hy word by wyse van selfoondata met die toneel van die misdade verbind. Hy was op die betrokke dag tussen 7:43 en 22:22 herhaaldelik in selfoonkontak met nommer 1911, wat ook met selfoondata met die toneel van die roof verbind word. Beskuldigde 1 het dan ook op die volgende dag begin om die selfoon wat tydens die roof gesteel is, te gebruik met sy eie simkaart.

[119] Beskuldigde 2 en 11 was beide op die betrokke dag by of meer as een geleentheid in selfoonkontak met nommer

1911. Beskuldigde 2 was ook op beide 25 en 27 Augustus 2004 meermale in selfoonkontak met beskuldigde 1 en nommer 1911. Beskuldigde 11 was op 25 Augustus 2004 meermale in selfoonkontak met beskuldigde 1 en nommer 1911 en meermale in selfoonkontrak met beskuldigde 1 op 27 Augustus 2004. Van hierdie onverduidelikde selfoonkontak deur beskuldigde 2 en 11 was na ons oordeel tereg afgelei dat hul aandadigheid aan hierdie misdrywe bo redelike twyfel aangetoon is.

[120] Hier is geen basis om in te meng nie.

**Klagtes 37 en 38**

[121] Beskuldigdes 1 en 2 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Die klagtes betref die gewapende roof van 'n Mercedes Benz vragmotor ter waarde van R940 000 in Sasolburg op 15 September 2004 om ongeveer 9:00.

[122] Namens beskuldigde 1 betoog Mnr. Van Wyngaard dat die feit dat beskuldigde 15 die drywer van die gekaapte voertuig was, nie beskuldigde 1 se skuldigbevinding bevestig nie, omdat daar geen telefoniese kontak tussen beskuldigde 1 en

beskuldigde 15 was nie. Wat beskuldigde 2 betref, sê Mnr. Van Rensburg dat geen oproep tussen beskuldigde 2 en enige ander beskuldigdes onmiddellik voor of na die voorval bewys is nie en geen getuienis is aangebied presies waar die misdaadtoneel was nie. Die verhoorhof bevind hier:

> "Beskuldigde 1 bevind hom reeds om 07:20 in die omgewing tussen Heilbron en Sasolburg en so ook in die omgewing van die toneel omstreeks 09:00. So ook word beskuldigde 2 op die toneel van die misdaad geplaas deur middel van sy selfoondata. Beskuldigde 1 het om 12:13 op 16 September 2004 kontak met beskuldigde 2. Sy eerste selfoon-aktiwiteit op 15 September 2004 is om 00:125 en daarna 07:00 in die Parys omgewing waarna dit beweeg in die rigting van Sasolburg en hy hom om 09:12 te Vaalpark bevind.
>
> Dit blyk dat daar kontak is tussen beskuldigdes 1 en 2 voor en na hierdie voorval en dat beskuldigdes 1, 2 en 4 hulle na die roof te Alrode bevind waarna beskuldigdes 1, 2 en 4 na Lebombo beweeg en beskuldigde 1 en 2 te Komatipoort op 17 September 2000 deur die polisie gearresteer word na uitwysing deur die bestuurder van die vragmotor wat te Koppies geroof is."

[123] Die verhoorhof se bevinding dat die getuienis voldoende was om die skuld van beskuldigdes 1 en 2 te bewys, kan nie

aangeveg word nie. Die appèl moet op hierdie klagtes afgewys word.

**Klagtes 41, 42 en 43**

[124] Beskuldigde 8 is aan diefstal van die geroofde vragmotor skuldig bevind. Beskuldigde 10 is op hierdie klagte skuldig bevind soos aangekla. Die klagtes betref die gewapende roof van 'n Mercedes Benz vragmotor en sleepwa ter waarde van R900 000 tussen Heilbron en Petrus Steyn op 7 Oktober 2004 om onstreeks 13:00.

[125] Beskuldigde 8 was die dag na die voorval in die geroofde vragmotor gevind en gearresteer en sy verduideliking daarvoor is deur die verhoorhof as vals verwerp. Beskuldigde 8 was na ons oordeel gelukkig om op hierdie aanklagte slegs aan diefstal skuldig bevind te word. Beskuldigde 10 was op die betrokke dag, 7 Oktober 2004, in selfoonkontak met beskuldigde 8 voor, tydens en na die voorval. Op die volgende dag was beskuldigde 8 en 10 feitlik deurgaans (± 99 keer) in selfoonkontak met mekaar. Beskuldigde 10 was ook op daardie dag 'n passasier in 'n voertuig wat die geroofde vragmotor vergesel het en in

hierdie proses het polisiebeamptes waargeneem dat beskuldigde 10 duidelik met sy arm aan die bestuurder van die geroofde vragmotor aandui om die voertuig waarin hy was, te volg. Beskuldigde 10 se verduideliking hiervoor is tereg as vals verwerp en daar kan geen fout gevind word met sy skuldigbevinding op hierdie aanklagte nie.

**Klagte 44 en 45**

[126] Hierdie aanklagte het betrekking op die kaping van 'n Mercedes Benz vragmotor en sleepwa wat plaasgevind het op 22 Februarie 2005 by 'n kruising êrens tussen Vereeniging en Heidelberg. Beskuldigdes 13 en 16 is op hierdie aanklagte skuldig bevind.

[127] Namens beskuldigde 13 is betoog dat dit onseker is wanneer op die betrokke dag en presies waar tussen Vereeniging en Heidelberg die roof plaasgevind het. Daar is daarop gewys dat volgens die getuienis van die vragmotorbestuurder die voorval om ongeveer 7:30 plaasgevind het terwyl die vervolging daarop steun dat dit om ongeveer 9:30 plaasgevind het. Die tyd van pleging van misdaad as 9:30 op 22 Februarie 2005 is afkomstig van 'n inskrywing op die

polisiedossier ten aansien van die betrokke voorval. Dat die betrokke misdade plaasgevind het, is onbetwis. Dit is duidelik dat die inskrywing op die polisiedossier meer betroubaar is dan die blote geheue van die vragmotorbestuurder etlike jare na die voorval. Dit is na ons oordeel onnodig om te beslis presies waar tussen Vereeniging en Heidelberg die voorval plaasgevind het, aangesien die vragmotorbestuurder getuig het dat die drie persone wat die rooftog self uitgevoer het, nie in die hof teenwoordig was nie en daardie getuienis kan redelik moontlik waar wees. Vir die redes wat volg is ons egter steeds oortuig daarvan dat beskuldigde 13 korrek skuldig bevind is op hierdie aanklagte.

[128] Beskuldigde 16 is later dieselfde dag te Komatipoort in besit van die geroofde vragmotor gevind. Ons is nie daarvan oortuig dat die verhoorhof fouteer het deur beskuldigde 16 se verontskuldigende getuienis hieromtrent te verwerp nie. Bowendien word beskuldigde 16 se skuldigbevinding nie betwis nie, aangesien hy nie aansoek gedoen het om verlof om te appelleer nie. Dit staan dus vas dat beskuldigde 16 ten minste in die uitvoering van ‘n sameswering aan die

betrokke misdrywe deelgeneem het.

[129] 'n Analise en vergelyking van die selfoonrekords van beskuldigde 13 en beskuldigde 16 met verwysing na selfoontorings in die betrokke gebied, is insiggewend. Beskuldigde 13 was vanaf 8:41 tot 8:46 op 22 Februarie 2005 te Heidelberg Industrial 3. Om 8:48 was hy by Heidelberg 2. Om 8:54 was hy by Koppieskraal 3 terwyl beskuldigde 16 om 9:00 by Koppieskraal 3 was. Om 9:09 was beskuldigde 13 by Heidelberg 3, terwyl beskuldigde 16 om 9:24 by Heidelberg 3 was. Nadat beskuldigde 13 van 9:14 tot 9:18 by Heidelberg Industrial 3 was, was hy om 9:22 weer by Koppieskraal 3, terwyl beskuldigde 16 op sy beurt om 9:25 weer by Koppieskraal 3 was. Om 9:41 was beskuldigde 16 by Kliprivier 0, terwyl beskuldigde 13 om 9:43 by Kliprivier 0 was. Om 9:46 was daar selfoonkontak tussen beskuldigde 13 en beskuldigde 16. Die enigste redelike afleiding in al hierdie omstandighede is dat beskuldigde 13 ten minste as 'n samesweerder skuldig is op hierdie aanklagte.

**<u>Klagtes 46 en 47</u>**

[130] Beskuldigdes 7 en 11 is op hierdie klagtes skuldig bevind. Die voorval betref die gewapende roof van ‘n Mercedes Benz vragmotor van R1 miljoen met twee sleepwaens ter waarde van R331 000 en ‘n vrag rys met ‘n waarde van R113 585.

[131] Die voorval het plaasgevind op die pad tussen Paul Roux en Senekal op 26 Februarie 2005 om ongeveer 11:30. Beskuldigde 7 word met altwee die selfoonnommers wat bewys is aan hom te behoort, op die toneel van die misdrywe geplaas. Beskuldigde 7 het sy selfoonnommer wat eindig in 7600 op 26 Februarie 2005 in die Paul Roux omgewing gebruik vanaf 9:53 tot 13:21 en het gedurende daardie tydperk 9 oproepe gemaak. Met sy selfoonnommer wat eindig in 7582 het beskuldigde 7 vanaf 9:48 tot 13:14 in die Paul Roux/Senekal omgewing 20 oproepe gemaak. Beskuldigde 7 het verkies om geen getuienis af te lê nie.

[132] Beskuldigde 11 word by die pleging van hierdie misdrywe betrek by wyse van sy selfoonkontak met beskuldigde 7. Beskuldigde 7 en 11 was met elk van beskuldigde 7 se voorgemelde selfoonnommers by altesame nege geleenthede op die dag van die voorval in verbinding met

mekaar. In die afwesigheid van 'n verduideliking hiervoor kan daar nie fout gevind word met die skuldigbevinding van beskuldigde 11 op hierdie aanklagte nie.

**Klagte 53**

[133] Van die appellante is beskuldigdes 1, 2, 4, 6, 10 en 11 is op hierdie klagte skuldig bevind. Die klagte handel met lidmaatskap van 'n kriminele bende – artikel 9(1)(a) en 9(2)(a) Wet 121 van 1998. Die beskuldigdes se skuld op hierdie klagte word bewys deur hul skuldigbevindings op die ander klagtes. Omdat al die skuldigbevindings van beskuldigde 4 tersyde gestel word, moet sy skuldigbevinding op klagte 53 ook wegval.

[134] Gevolglik moet die skuldigbevindings en vonnisse van beskuldigde 2 op aanklagte 21 en 22 ter syde gestel word. Die appèl van beskuldigde 4 slaag ten volle. Al die skuldigbevindings wat ten opsigte van beskuldigde 4 gemaak is, dit wil sê op aanklagte 17, 18, 19, 20 en 53, sowel as die vonnisse daarvoor opgelê, moet dus ter syde gestel word. Die appèl van beskuldigde 10 slaag ten opsigte van die skuldigbevindings en vonnisse op

aanklagte 25, 26 en 27. Al die ander appèlle teen skuldigbevindings moet afgewys word.

[135] Na ons oordeel regverdig die tersydestelling van die vonnisse van beskuldigde 2 en 10 soos hierbo vermeld, nie enige verandering van die effektiewe vonnisse aan hulle opgelê nie. Wat die vonnisse origens aan betref is dit geykte reg dat vonnisoplegging in die diskresie van die verhoorhof lê en dat ‘n hof van Appèl met die uitoefening van daardie diskresie slegs kan inmeng indien dit deur wesenlike wanvoorligting geraak is of indien die opgelegde vonnisse treffend onvanpas is. Daar is geen sodanige wanvoorligting ter sprake nie. Die opgelegde vonnisse en besonderlik die effektiewe vonnisse is na ons oordeel geensins treffend onvanpas nie maar die resultaat van deeglike en gebalanseerde oorweging van al die omstandighede.

[136] Gevolglik word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevindings van beskuldigde 2 op aanklagte 21 en 22 en die vonnisse op daardie aanklagte opgelê, word ter syde gestel.

2. Die skuldigbevindings van beskuldigde 4 op al die aanklagte waaraan hy skuldig bevind is, te wete aanklagte 17, 18, 19, 20 en 53 en al die vonnisse aan hom opgelê, word ter syde gestel.
3. Die skuldigbevindings van beskuldigde 10 op aanklagte 25, 26 en 27 en die vonnisse daarvoor opgelê, word ter syde gestel.
4. Behalwe soos hierbo uiteengesit, word die appèlle van die hand gewys en die skuldigbevindings, vonnisse en effektiewe vonnisse bekragtig.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C.J. MUSI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die Staat: | Adv. C. Steyn |
| Namens beskuldigdes 1 en 10: | Adv. M. Van Wyngaard |
| Namens beskuldigdes 2, 4, 5, 6 en 11: | Adv. T.B. van Rensburg |
| Namens beskuldigdes 7 en 13: | Adv. H. J. Potgieter |

/eb/sp